COMMISSION OF INQUIRY

# COMMISSION OF INQUIRY REGARDING THE PREVENTION OF PUBLIC VIOLENCE AND INTIMIDATION

## FINALE VERSLAG OOR DIE GEWELD BY MOOIRIVIER

## GOLDSTONE REPORT ; GK - 17

363.320968 GOL

NOT TO BE ISSUED

~~GG 1b~~

GK 17

Die Staatspresident

DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE HET DIE EER OM DIE FINALE VERSLAG OOR DIE GEWELD BY MOOIRIVIER VOOR TE Lê

R.J. GOLDSTONE
VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE

21 DESEMBER 1992

We only have Afrikaans report. The Dept of Justice also only has Afrikaans

LIBRARY OF PARLIAMENT
030381

# 1. INLEIDING

1.1. Op 21 Julie 1992 het die Kommissie van Ondersoek insake die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie 'n komitee aangestel om ondersoek in te stel na die hernude geweld wat by Mooirivier/Bruntville uitgebreek het.

1.2. Die komitee is soos volg saamgestel:
Voorsitter: Professor D van Zyl Smit
Lid: Mnr AJL Geyser

1.3. Die formele opdrag is -

"(a) om vas te stel wattter gebeurtenisse wat sedert die einde van Januarie 1992 plaasgevind het, relevant is met betrekking tot die hernude geweld wat onlangs uitgebreek het;

(b) om vas te stel wat die aard en oorsaak van dié hernude geweld is."

1.4. Die komitee het op 27, 28 en 29 Julie 1992, op 1, 2, 3 en 4 September en ten slotte op 22 September 1992 in die openbaar getuienis in die Moorivier-stadsaal aangehoor. Die African National Congress (ANC), die Inkatha-Vryheidsparty (IVP), die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), die Bruntville Peace Committee en Mooi River Textiles (Mooitex) is by al hierdie geleenthede verteenwoordig. Die South African Clothing and Textile Workers Union (SACTWU) is ook by sommige van hierdie geleenthede verteenwoordig. Belanghebbende partye is genooi om voor 15 Oktober 1992 verdere voorleggings aan die komitee te doen. Daarbenewens het die komitee ook die inisiatief geneem om te vra dat die polisiedossier in verband met die doodslag van 4 Desember 1991 aan hom beskikbaar gestel word. Die komitee het ook 'n regstreekse verslag aangevra van die stand van die polisie se ondersoeke van geweldsmisdade wat gepleeg is in sy ondersoektydperk.

1.5. Hierdie ondersoek deur die huidige komitee moet gesien word teen die agtergrond van die werk van 'n vroeëre komitee van die Kommissie van Ondersoek insake die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, wat ondersoek ingestel het na geweld wat uitgebreek het op 3 en 4 Desember 1991. In sy verslag aan die Kommissie het daardie komitee sekere agtergrondsfeite oor Mooirivier vasgestel en feitebevindings gemaak ten opsigte van die geweld van 3 en 4 Desember en die voorvalle van geweld wat daartoe gelei het.

1.6. Die vorige komitee het oor sy bevindinge verslag gedoen aan die Kommissie, wat op sy beurt 'n tussentydse verslag oor die geweld by Mooirivier aan die Staatspresident oorhandig het. In sy verslag het die Kommissie aanbevelings gedoen ten opsigte van sowel die polisie as sosiopolitieke aangeleenthede. Hierdie aanbevelings het beoog om verdere geweld by Mooirivier en Bruntville te voorkom.

1.7. Die huidige komitee het dit as sy opdrag geïnterpreteer om teen die agtergrond van hierdie vorige verslae op te tree, en het gepoog om die duplisering te vermy van werk wat voorheen gedoen

is.

## 2. DIE VOORVALLE VAN GEWELD

2.1. Tydens sy eerste sitting het dit vroeg vir die komitee duidelik geword dat daar nie van "hernude geweld" gepraat kan word nie. Al die partye het in hulle openingsbetoë daaroor saamgestem dat geweld endemies in die gemeenskap gebly het tydens die ongeveer ses maande sedert die vorige komitee in Mooirivier gesit het, en dat dit steeds sporadies voorgekom het na die datum waarop die huidige komitee aangestel is. Aangesien dit nie duidelik was hoeveel tyd die komitee nodig sou hê om sy werk af te handel nie, het die komitee gemeen dat sy opdrag só geïnterpreteer moes word dat hy die voorvalle van geweld in oënskou moes neem wat plaasgevind het vanaf die laaste dag waarop die vorige komitee in Mooirivier gesit het, tot en met die datum waarop die huidige komitee aangestel is. Dit verklaar waarom voorvalle soos dié wat in September deur lede van die komitee waargeneem is, nie ingesluit is by die statistieke wat in hierdie afdeling van die verslag bespreek word nie. Dit was egter nie vir die komitee moontlik om die ontplooiende voorvalle by Mooirivier en Bruntville heeltemal te ignoreer nie, veral nie waar dit enigsins 'n aanduiding kon gee van die strategieë wat moontlik aangewend kan word om geweld te bekamp nie.

2.2. Dit het in 'n vroeë stadium reeds duidelik geword dat daar so baie afsonderlike voorvalle van geweld voorgekom het in die tydperk waaroor die komitee verslag moes doen, dat dit 'n byna onmoontlike taak sou wees om ondersoek in te stel na die besonderhede van elke insident. Beraadslaginge met die verteenwoordigers van partye - in die besonder die SAW, die IVP en die ANC - het aan die lig gebring dat dit moontlik sou wees om, deur gebruik te maak van die rekords wat gehou is deur die onderskeie partye, 'n lys saam te stel van voorvalle wat plaasgevind het in die tydperk van ses maande van 21 Januarie tot 21 Julie. Die partye het op 13 Augustus 1992 in Durban vergader. 'n Gekonsolideerde lys is daarna saamgestel en by ooreenkoms ingedien.

2.3. Die gekonsolideerde lys het nie tot 'n gevolgtrekking gekom oor wie verantwoordelik was vir enige besondere insident nie. Dit dui egter talle misdaadsvoorvalle aan wat, na die mening van die partye wat daaroor verslag gedoen het, die een of ander politieke motief gehad het. So is daar in byvoorbeeld 17 verskillende insidente 22 moorde aangeteken. Die gekonsolideerde rekord toon minstens 15 insidente wat, op grond van die skamele beskrywing, as brandstigting geïdentifiseer kan word. Benewens die insidente van moord, en met uitsluiting van optrede deur die polisie en die SAW, was daar minstens 20 geleenthede waarby vuurwapens gebruik is. Die lys toon ook dat handgranate by sewe geleenthede ontplof het. Op grond van hierdie syfers kan daar geen meningsverskil bestaan oor die feit dat geweld op groot skaal voortgeduur het sedert die vorige komitee getuienis aangehoor het nie. Die lys toon ook dat, hoewel daar 'n hoogtepunt in Maart was, die insidente deur die hele tydperk voorgekom het.

## 3. DIE OORSAKE VAN DIE GEWELD

Nadat daar eers vasgestel is dat die geweld aaneenlopend met die vorige voorvalle plaasgevind het, het dit gevolg dat die oorsake daarvan heel waarskynlik soortgelyk is aan dié wat deur die vorige komitee geïdentifiseer is.

## 3.1. DIE ONMIDDELLIKE OORSAAK

Die onmiddellike of naaste oorsaak van die geweld is betreklik duidelik. Soos in die geval van die voorvalle beskryf deur die vorige komitee, het die geweld voorgekom in 'n siklus van aanval en teenaanval tussen twee groepe - die ANC, wat in die dorp Bruntville oorheers, en die IVP, wat in die hostel oorheers. Hoewel getuies wat deur die twee partye voor die komitee gebring is, ontken het dat spesifieke aanvalle op die ander party deur hulle ondersteuners gedoen is en te kenne gegee het dat dit die werk sou kon wees van misdadige elemente, is daar geen getuienis voor die komitee gelê wat dui op enige sistematiese betrokkenheid van buitegroepe by die geweldpleging nie. Dit volg dat die sleutel tot die oplossing van die geweld in die eerste plek in die verhouding tussen die twee groepe lê.

## 3.2. ONDERLIGGENDE OORSAKE

3.2.1. Met die onmiddellike oorsaak geïdentifiseer, moet ons ook, soos die vorige komitee, dit benadruk dat die konflik gesien moet word in 'n wyer maatskaplike, ekonomiese, ruimtelike en politieke konteks. Die voortgesette geweld het bowendien plaasgevind teen die agtergrond van die vorige ondersoek, wat gelei het tot spesifieke voorstelle vir maatreëls om die geweld te beëindig. Hierdie voorstelle het primêr betrekking gehad op polisiëring en op die totstandbrenging van 'n plaaslike dispuutbeslegtingskomitee vir die gebied, maar het ook breër sosio-ekonomiese voorstelle vir opgradering en verbetering ingesluit.

3.2.2. In die vasstelling van die kontinuïteite en die ontleding van die onderliggende sosio-ekonomiese oorsake van geweld, is die komitee in baie groot mate gehelp deur die onpartydige en gebalanseerde getuienis van professor Doug Hindson, 'n sosiaalwetenskaplike verbonde aan die Universiteit van Durban-Westville. Professor Hindson het al die sittings van die vorige komitee bygewoon en die feitelike basis vir sy gevolgtrekkings versterk met sy eie waarneminge. Hy was ook in staat om parallelle aan te toon met ontwikkelinge in ander dele van Natal.

3.2.3. In sy getuienis het professor Hindson die mate beklemtoon waarin polarisasie tussen inwoners van die swart dorpsgebied en hostelinwoners plaasgevind het. Waar 'n aansienlike getal IVP-ondersteuners voorheen in die dorp gewoon het en ANC-ondersteuners in die hostel, het die twee groepe toenemend homogeen en terselfdertyd meer vyandiggesind teenoor mekaar geword. Dit is onderstreep deur getuienis van IVP-ondersteuners dat daar nou vlugtelinge in die hostel woon wat uit die dorp verdryf is. Dit het, tesame met die vernietiging van enkele buitegeboue, veroorsaak dat die hostelle selfs meer oorbevolk geraak het as gewoonlik. Aan die ander kant het dit uit getuienis van ANC-ondersteuners en die komitee se eie waarneminge geblyk

dat 'n strook huise in die dorpsgebied naby die hostel verlate is omdat hulle bewoners uitgedryf is, na bewering deur hostelbewoners.

3.2.4. Ten einde die polarisasie van die twee groepe te verstaan, is dit nie net nodig om op hulle opposisionele houding teenoor mekaar te fokus nie, maar ook om te let op die verskillende vorme van sosiale organisasie wat hulle het en op die verskillende wyses waarop hulle met gesagsfigure omgaan. Wat die hostelbewoners betref, was die indruk wat die komitee gekry het een van 'n relatief heg georganiseerde groep met sterk lojaliteit teenoor die IVP en sy leiers. Die groep word gekenmerk deur 'n respek vir gesag en 'n gewilligheid om met gesagsfigure saam te werk.

3.2.5. Die organisasie van die ANC in die dorp is veel losser. Benewens die ANC-tak is daar ook 'n vroueliga en 'n jeugliga. Laasgenoemde is besonder sterk aangesien dit, volgens die plaaslike ANC-leier, mnr Mthethwa, wat voor die komitee getuig het, die straatkomitees oorheers wat streng beheer uitoefen oor hulle onmiddellike omgewings.

3.2.6. Die verskille in die struktuur van die twee organisasies verklaar aspekte van hulle wedersydse vyandiggesindheid, wat verder strek as blote mededinging om politieke oorheersing. Daarom lei die relatief magtige rol van die jeug aan ANC-kant byvoorbeeld by geleentheid tot die uittarting van ouer (en blykbaar dikwels minder opgevoede) lede van die IVP. Laasgenoemde reageer besondere vyandig as gevolg van die waarde wat hulle heg aan respek vir gesag. Hoewel daar nie voor die komitee ten volle op hierdie aangeleentheid ingegaan is nie, wil dit voorkom of daar verdere spanninge is wat teweeg gebring word deur verskille in persepsies van 'behoorlike' geslagsrolle.

3.2.7. Die verskillende benaderings tot gesag is ook relevant met betrekking tot die kwessie van verskille in verhoudinge met die veiligheidsmagte. Soos professor Hindson en ander getuies aangedui het, is daar historiese redes waarom die ANC die veiligheidsmagte wantrou en waarom die IVP hulle ondersteun. Hierdie gevoelens kan versterk word deur die aspekte van polisiëring wat hieronder bespreek word in die konteks van die heersende omstandighede waarin polisiëring gedoen word. Hierdie gesindhede het egter ook 'n sosiologiese grondslag. Dit het toenemend duidelik geword dat die IVP, soos die ANC, ook gevoel het dat hy nie altyd billik behandel word deur elemente in die SAW nie en dat selfs die polisie nie altyd sy klagte na behore ondersoek het nie. Die inherente respek wat sy lede vir gesag toon, het nietemin beteken dat hy probeer het om sy probleme op 'n minder konfronterende wyse op te los, terwyl hy terselfdertyd met groot vyandiggesindheid gereageer het op die uitdaging van die gesag en waardigheid van sy lede. Hoewel hierdie faktore moontlik nie direkte oorsake van die geweld is nie, maak dit deel van die breër prentjie uit.

3.2.8. Die polarisasie van die groepe word ook versterk deur 'n gevoel dat hulle meeding om skaars ekonomiese hulpbronne. Die komitee het professor Hindson se getuienis aanvaar dat 'n uitgerekte arbeidsgeskil daartoe gelei het dat die arbeidsmag by

die tekstielfabriek Mooitex, die belangrikste werkgewer in die gebied, nou feitlik uitsluitlik uit hostelbewoners bestaan, met die gevolg dat dorpsbewoners byna heeltemal uitgesluit word. Dit is 'n bron van frustrasie vir die inwoners van die swart dorp. Hierdie aanvaarding beteken nie dat die komitee 'n bevinding maak ten opsigte daarvan of hierdie frustrasie gebaseer is op 'n legitieme grief of ten opsigte van die arbeidsgeskil waarin Mooitex en die twee vakbonde, SACTWU en UWUSA, betrokke is nie. Wat die regverdiging ook al is, die gevoel van frustrasie en gegriefdheid is 'n onderliggende oorsaak van die geweld in die oë van die inwoners, wat moontlik nie ten volle kennis dra van die besonderhede van die geskil nie.

3.2.9. Die ekonomiese dimensie van die geweld kan nie geïgnoreer word nie. Daar is wydverspreide werkloosheid in die Mooirivier/Bruntville-gebied in die algemeen en in die swart dorp in die besonder. Feit is dat Mooitex nie winsgewend bedryf kan word in toestande van maatskaplike onstabiliteit nie. Die tydelike sluiting daarvan in Junie 1992, wat maklik permanent kon geword het, onderstreep die belangrikheid van hierdie faktor.

3.2.10. Die verband tussen die ruimtelike en die maatskaplike oorsake van die geweld het ook geblyk uit professor Hindson se getuienis. Hy het in die besonder daarop gewys dat die hostelbewoners, wat oorwegend enkellopende mans is wat vir Mooitex werk, ernstig bedreig gevoel het deur eise wat die ANC van tyd tot tyd gestel het vir die verwydering van die hostel. Die getuienis het daarop gedui dat hulle 'n redelik stabiele gemeenskap vorm, maar 'n gemeenskap wat sistematies meer geïsoleerd geraak het omdat hy uitgesluit is van die lewe van die omliggende dorpsgebied - hulle klandisie word nie eens meer in dorpswinkels aanvaar nie. Die meeste van hulle werk reeds baie jare by Mooitex en het tuistes wat nie te ver van Mooirivier af is nie, maar waarvandaan hulle nie kan pendel nie. 'n Eis vir die verwydering van die hostel sonder om voorsiening te maak vir 'n alternatief, word dus gesien as 'n bedreiging van hulle lewensbestaan, iets wat wel 'n onderliggende oorsaak van die geweld kan wees.

3.2.11. Die wyer politieke konteks van die geweld is ook belangrik. Die geskil tussen die inwoners van die dorp en van die hostel word bemiddel deur die politieke organisasies waartoe hulle behoort, of aan wie hulle lojaal is. Hierdie feit is vroeër deur die Kommissie erken, wat sy teleurstelling uitgespreek het oor die gebrek aan steun deur nasionale en provinsiale leiers vir die vredesproses by Mooirivier. Ten einde hierdie dimensie te ondersoek, het die komitee getuienis aangevra nie net van plaaslike leiers nie, maar ook van die politieke streekleiers. Sowel mnr Harry Gwala as mnr David Ntombela, streekleiers van onderskeidelik die ANC en die IVP, het voor die komitee getuig. Mnr Gwala het 'n strydlustige houding ingeneem by sy eerste verskyning voor die komitee en in een stadium geweier om vrae van die verteenwoordiger van die IVP, mnr Powell, te beantwoord. Dit het ook uit sy houding geblyk dat hy 'n aansienlike persoonlike vyandigheid teenoor mnr Ntombela koester. By 'n latere verskyning, op die laaste dag van die aanhoor van getuienis, het hy egter nie net mnr Powell se vrae sonder beswaar beantwoord nie, maar hom ook beslis uitgespreek ten gunste van 'n vreedsame

oplossing van geskille en het 'n paar positiewe voorstelle gemaak, wat hieronder beskou sal word. In sy getuienis het mnr Ntombela gekonsentreer op maatreëls wat getref kan word om die vrede by Mooirivier te herstel. Alles in ag genome, is ons met die indruk gelaat dat, hoewel die breër politieke konflik in Natal tussen die ANC en die IVP wel 'n effek op Mooirivier gehad het en as 'n onderliggende oorsaak van die geweld beskou kan word, dit minstens moontlik was dat streekleiers aan plaaslike leiers genoeg beweegruimte kon laat sodat hulle hulle eie vorme van vreedsame naasbestaan kan ontwikkel.

### 3.3 OORSAKE WAT VERBAND HOU MET VERANDERDE OMSTANDIGHEDE

3.3.1. Nadat die ooreenkomste beklemtoon is tussen die toestande wat geheers het teen die einde van Julie en die toestande wat vroeër die jaar geheers het, is dit ook belangrik om uit te wys wat verander het. Die ondersoek deur die vorige komitee en sy verslag, asook dié van die Kommissie is van groot belang. In hulle openingsbetoë het die verteenwoordigers van sowel die ANC as die IVP beklemtoon dat daar nie voldoen is nie aan die verwagtings van die gemeenskap dat die ingryping van die "Goldstone-kommissie" die probleme van geweld sou oplos en dat dit tot groot ontnugtering gelei het. Hoewel hierdie faktor nie as 'n direkte oorsaak van die geweld gesien kan word nie, beskou die komitee die vorige voorstelle as van groot belang, nie het omdat die versuim om sommige of al die voorstelle in te voer op sigself bygedra het nie tot die probleme ten opsigte van die hantering van die primêre oorsaak, naamlik die botsing tussen die ANC en IVP, maar ook omdat die redes vir die versuim 'n aanduiding kan gee van hoe toekomstige vredesinisiatiewe deurgevoer moet word.

3.3.2. Die ooglopendste rede waarom die aanbevelings van die Kommissie nie daarin geslaag het om die verlangde invloed te hê nie, was dat baie van die aanbevelings nie geïmplementeer is nie. In sommige gebiede was dit algemeen bekend. Geen konkrete stappe is gedoen om breër sosio-ekonomiese probleme aan te pak nie en dit is verstaanbaar dat die gemeenskap as geheel in Mooirivier en Bruntville kan sê dat niks in die gebied verander het nie. In groot mate was dit te wyte aan die versuim om die plaaslike dispuutbeslegtingskomitee (PDBK) van stapel te stuur, aangesien die Kommissie gespesifiseer het dat die PDBK moet ooreenkom oor "aanvaarbare en opbouende oplossings" wat geïmplementeer moet word.

3.3.3. Die partye het enigsins verskil oor die redes vir die mislukking van die PDBK. Die objektiefste getuienis in hierdie verband was dié van mnr M C Pretorius, die voorsitter van die Natalse Streekdispuutbeslegtingskomitee. Hy het verduidelik dat twee voorlopige vergaderings van die PDBK op 21 en 29 Januarie 1992 gehou is. By die tweede vergadering het die IVP aangedui dat hy hom onttrek aan die proses as gevolg van sekere eise wat die ANC gestel het en wat in die media gepubliseer is. 'n Vergadering met die IVP ten einde hulle onttrekking te bespreek, is gereël vir die Bruntville-gemeenskapsaal op 3 Februarie 1992. Dit het nie plaasgevind nie as gevolg van 'n ANC-dreigement om dit te ontwrig. Die IVP-lede, gewapen met spiese en ander wapens, het gepoog om die vergadering by te woon. Die vergadering is

gekanselleer ten einde 'n konfrontasie te vermy. Hoewel die ANC vervolgens die berig verwerp het wat in die pers oor sy eise verskyn het, kon die proses om 'n PDBK te begin, nie weer op die been gebring word nie. Ondanks die aansienlike pogings wat daarna deur plaaslike bemiddelaars aangewend is, is geen verdere vordering gemaak nie.

3.3.4. Mnr Pretorius het openhartig getuienis gelewer dat 'n paar basiese foute in die beplanning van die vergadering van 3 Februarie gemaak is. Die besonderhede van die vergadering is nie volledig genoeg beplan nie. Die persone betrokke by die totstandbrenging van die PDBK het ook nie direk met die gemeenskap self gekommunikeer nie. Die politieke partye moes ook duideliker aan hulle lede verduidelik het wat besig was om te gebeur.

3.3.5. Nie al die aanbevelings van die vorige komitee en die Kommissie was afhanklik van die suksesvolle werking van 'n PDBK nie. Baie van hierdie aanbevelings het betrekking gehad op die veiligheidsmagte en veral die polisie. Vraagstukke met betrekking tot polisiëring is relevant, nie net as gevolg van die aandag wat daaraan bestee is in vroeëre verslae nie, maar ook omdat die bedrywighede van die veiligheidsmagte as geheel 'n deel van die maatskaplike raamwerk uitmaak waarin gemeenskapsbedrywighede plaasvind. Dit kan 'n positiewe of 'n negatiewe invloed op die vlak van geweld hê. Dit is dus nie heeltemal waar as die verteenwoordigers van die SAW en die SAP beweer dat daar geen kousale verband tussen die bedrywighede van hulle kliënte en geweld in die gemeenskap is nie.

3.3.6. Die vorige komitee het sy kommentaar op die polisiëringsproses hoofsaaklik gegrond op wat gebeur het in die loop van die doodslag wat plaasgevind het op 3 en 4 Desember 1991. Met betrekking tot die polisie het die vorige komitee opgemerk dat toe 172 persone wat na bewering betrokke was by die bloedbad van 4 Desember, gearresteer is "die geleentheid om die man met sy wapen(s) te identifiseer, daarmee heen [was]". Die komitee het verder aangevoer "'n mens kan jou die negatiewe uitwerking voorstel wat dit in hierdie situasie sal hê indien nie een nie of net 'n klein aantal van dié wat in hegtenis geneem is, skuldig bevind sou word." In die lig van hierdie kommentaar het die SAP heel korrek getuienis voorgelê aan die huidige komitee van dit wat daarna gebeur het in die ondersoek van hierdie saak, veral aangesien die verdere ondersoek plaasgevind het gedurende die tydperk wat die huidige komitee ondersoek het.

3.3.7. Wat die saak teen die geweldplegers van 4 Desember 1991 betref, is die feitelike posisie dat die klagte teen die 172 persone wat gearresteer is, teruggetrek is. Die komitee het breedvoerige getuienis aangehoor van die ondersoekbeampte in hierdie saak, adjudant-offisier Benade. Die komitee was nie beïndruk deur die manier waarop die ondersoek gedoen is nie. Nie net is die wapens nie gekoppel aan die individue wat gearresteer is kort nadat die misdaad gepleeg is nie, maar, hoewel bloedvlekke op die misdaadtoneel gevind is, is daar ook geen poging aangewend om dit aan die gekonfiskeerde wapens te koppel nie, en is die klere van die mense wat gearresteer is, ook nie mikroskopies ondersoek nie. Daar is trouens geen forensiese

toetse uitgevoer nie. Die mees dramatiese tekortkoming in die ondersoek het betrekking op die getuienis wat sowel mondelings as deur beëdigde verklaring gelewer is by die sittings van die vorige komitee. Adjudant-offisier Benade het getuig dat hoewel hy toe in Mooirivier was, hy nie eintlik kennis geneem het van die werk van die komitee wat besig was om dieselfde insident as hy te ondersoek nie. Bowendien is beëdigde verklarings, met inbegrip van verklarings deur ooggetuies wat aan die komitee en ook aan die verteenwoordigers van die polisie by die vorige komitee beskikbaar gestel is, nooit onder sy aandag gebring nie. Die komitee kon ook nie veel waarde heg aan die versekering van adjudant-offisier Benade dat die terugtrekking slegs tydelik was en dat verdere ondersoeke gedoen word nie. Adjudant-offisier Benade het byvoorbeeld die komitee verseker dat wapens wat gekonfiskeer is, nog beskikbaar is. Die komitee het gevra om die polisiedossier te sien, en dit het aan die lig gebring dat die wapens in der waarheid aan hulle eienaars teruggegee is.

3.3.8. Die komitee kan nou 'n bietjie vordering in die ondersoek van hierdie insident rapporteer. Die komitee is amptelik in kennis gestel dat 'n nuwe ondersoekbeampte aangestel is en dat daar weer kragdadig met die saak voortgegaan word. Die vorige beëdigde verklarings is beskikbaar gestel aan die nuwe ondersoekbeampte en oënskynlik word daar nou vordering gemaak met die ondersoeke. Soos die vorige komitee, glo hierdie komitee dat versuim om die saak suksesvol af te sluit, 'n negatiewe invloed sal hê. Ongelukkig is daar reeds baie skade aangerig. Die indruk is in die gemeenskap geskep dat die polisie en die owerhede wat die vervolging moet instel, onbekwaam is. In die ANC-oorheersde dorpsgebied, wat die teiken van hierdie spesifieke aanval was, kan dit ook die vermoede versterk dat die polisie bevooroordeeld is.

3.3.9. Ander aspekte met betrekking tot polisiëring waaroor die Kommissie aanbevelings gemaak het en wat relevant is vir die huidige ondersoek, sluit die prosedures in "vir die doeltreffender insameling van getuienis selfs in onlussituasies, sodat kriminele gedrag tot doeltreffende vervolging sal lei". In hierdie verband het die polisie getuienis aangebied van die Distrikskommissaris, kol. Barbour, terwyl sekere praktiese vrae ook aan adjudant-offisier Benade gerig is. Die getuienis was dat die belangrikste prosedureverandering wat gemaak is, die invoer van 'n nuwe vorm was wat deur seksiebevelvoerders ingevul moet word. Die komitee is nie beïndruk deur die vorm nie. Dit wil voorkom of dit nie spesifiek vir die insameling van getuienis ontwerp is nie. Die volgende opmerking staan trouens boaan die vorm: "Hierdie vorm word uitsluitlik vir siviele eise teen die Staat bygehou en is as sulks 'n voorregte dokument" (klem bygevoeg). Die meeste van die opskrifte van die vorm lyk ook nie spesifiek relevant by die insameling van getuienis nie; die enigste belangrike uitsondering was 'n vermaning aan die einde dat alle misdaadtonele en bewysstukke gefotografeer moet word en ook dat lede afgeneem moet word saam met persone wat deur hulle gearresteer is, asook die bewysstukke. Hoewel hierdie riglyne waardevol is vir lede van die Mag, lyk dit asof dit bloot aan die vorm aangelap is. Daar is geen ruimte op die vorm vir die aantekening van enige besonderhede van die foto's wat geneem is nie. Daar was ook getuienis dat nuwe prosedures ingevoer is, maar

hierdie prosedures is nie in besonderhede gespesifiseer nie. Dit was opmerklik dat die polisiegetuies nie kon sê of die nuwe prosedures in samewerking met die prokureurs-generaal beplan is of nie, soos die Kommissie versoek het nie.

3.3.10. Die getuienis van die polisie was dat hulle positiewe stappe gedoen het ten einde aan hulle lede te beklemtoon dat hulle onpartydig moet wees. Daar is geen rede om hierdie getuienis in twyfel te trek nie. Nietemin word aantygings van partydigheid steeds van die kant van die ANC gemaak. Geen duidelike getuienis van sodanige partydigheid is voorgelê nie, en die komitee was nie bereid om tot die gevolgtrekking te kom dat daar partydigheid was bloot op grond van die feit dat 'n aantal polisiemanne die mening uitgespreek het dat lede van die ANC die belangrikste geweldplegers is nie. Daar was egter getuienis dat baie inwoners van die dorp steeds meen dat die polisie partydig is teenoor hulle. Dit maak nie saak of hierdie waarneming waar of vals is nie, want, soos die ou sosiologiese gemeenplaas lui, dinge wat waargeneem word as die werklikheid, is werklik wat hulle gevolge betref. Die gevolge in hierdie geval is dat 'n beduidende sektor van die gemeenskap werklik die polisie wantrou en onwillig is om met hulle saam te werk. Hulle behandel die polisie ook met minagting. Die polisie vind dit op hulle beurt moeilik om met die sektor van die gemeenskap saam te werk wat hulle op hierdie manier behandel en is geneig om nouer saam te werk met die IVP/hostelbewoners, wat hulle met meer respek behandel. Hierdie samewerking versterk die siklus van wantroue aan die kant van die dorpsinwoners.

3.3.11. Ten opsigte van die kwessie van gemeenskapsbetrekkinge het die komitee ook die getuienis van onder andere kaptein Ngidi aangehoor, wat gepoog het om betrekkinge met alle sektore van die gemeenskap daar te stel, met inbegrip van die dorpsinwoners en die ANC. Die komitee is oortuig van sy opregtheid, maar het die doeltreffendheid van sy strategie in die lig van die ontsaglike wantroue in twyfel getrek, veral as gevolg van die versuim om enige van die persone wat verdink is van betrokkenheid by die gebeure van 3 en 4 Desember, op verhoor te stel.

'n Laaste opmerking oor die kwessie van die betrekkinge tussen die gemeenskap en die polisie: Hoewel spanning die duidelikste bestaan het tussen die polisie en die dorpsinwoners, was die verhouding met die hostelbewoners ook nie perfek nie. In hulle geval was daar ook 'n gebrek aan vertroue in die vermoë van die polisie om die oortreders tot verantwoording te roep of om die bewoners teen aanvalle te beskerm. In die lig van die algemene opmerkings oor gesindheid teenoor gesag wat hierbo gemaak is, kan hierdie spanning ingesluit word binne die raamwerk van die normale betrekkinge tussen die polisie en die gemeenskap.

3.3.12. Die leër se funksie is om ondersteuning vir die polisie te verskaf. Die komitee was oor die algemeen beïndruk deur die professionaliteit en verbeelding wat die leëroffisiere wat voor die komitee verskyn het, aangewend het met betrekking tot hulle kwasipolisiëringsfunksies. Daar was klagtes oor partydigheid aan die kant van die leër wat deur die IVP gemaak is, maar dit was van 'n algemene aard en is ten sterkste ontken deur die betrokke leëroffisiere.

3.3.13. Die ander aanbevelings van die Kommissie met betrekking tot polisiëring kan vlugtiger behandel word. Dit wil voorkom of daar 'n werklike misverstand was, aan die kant van die polisie, oor die voorstel van die Kommissie om 'n "geskikte stasiebevelvoerder" op Moorivier aan te stel. Dit is geïnterpreteer as 'n aanbeveling vir die vervanging van die stasiebevelvoerder, kaptein Dewing, deur 'n meer senior offisier, terwyl die Kommissie in gedagte gehad het dat 'n senior offisier wat 'n hoër rang sou hê, algehele verantwoordelikheid vir sowel die polisie as die veiligheidsmagte in die gebied kon neem. Die polisie het besluit dat die pos van stasiebevelvoerder nie 'n meer senior offisier vereis nie en het dus nie hierdie aanbeveling van die Kommissie geïmplementeer nie. Nadat die werklike betekenis daarvan verduidelik is, het hulle getuienis aangevoer met die strekking dat koördinering met die leër en met ander binnelandsestabiliseringseenhede van die polisie verbeter het en dat dit nie nodig was om 'n verdere offisier met 'n hoë rang in Mooirivier te stasioneer nie. Hierdie siening is ondersteun deur getuies van die SAW. Dit lyk asof die tegniese koördinering van die verskillende eenhede by Mooirivier op die oomblik betreklik doeltreffend funksioneer en dat hoewel dit verkieslik sou wees om so 'n offisier te hê, dit nie noodsaaklik is nie.

3.3.14. Dit wil voorkom asof die polisie die Kommissie se vermaning ter harte geneem het om nie "geheime" operasies te onderneem, wat verwar kan word met die werk van 'n "derde mag" nie. Daar is bewerings gemaak deur die ANC dat willekeurige klopjagte sonder lasbriewe steeds uitgevoer word, maar slegs een beëdigde verklaring is in hierdie verband voorgelê. Die polisie het geantwoord dat die klopjag uitgevoer is kragtens wetgewing met betrekking tot dwelmmiddels. By gebrek aan verdere getuienis moet hierdie verklaring aanvaar word. Die algemene indruk is dat, met betrekking tot klopjagte, die polisie gedurende die afgelope ses maande binne die trefwydte van die wet opgetree het. As hulle gefouteer het, was dit dat hulle te versigtig was, en hulle het die vroeëre kritiese aanmerkings van die Kommissie gebruik om te verduidelik hoekom hulle probleme ondervind het om beslag te lê op onwettige wapens in Bruntville. Dit is onaanvaarbaar. Die polisie het 'n wye reeks bevoegdhede wat dit vir hulle moontlik maak om persele met en sonder lasbriewe te deursoek. Waar dit enigsins moontlik is, moet hierdie bevoegdhede uitgeoefen word met die samewerking van die gemeenskap. Korrekte en hoflike polisiëring is nie noodwendig ondoeltreffende polisiëring nie.

3.3.15. Die vraagstuk oor die dra van gevaarlike wapens bly een van die kwellendste met betrekking tot sowel polisiëring by Mooirivier as die pogings om vrede in die streek in die algemeen te bewerkstellig. Die huidige komitee het weer in Mooirivier en Bruntville mans waargeneem wat met spiese en stokke bewapen was. Op 1 September was sowel Inkatha-ondersteuners as ANC-ondersteuners in Bruntville gewapen met spiese. Op dieselfde datum het die komitee ook 'n sarsie skote gehoor wat vanaf die dorp afgevuur is toe mnr David Ntombela deur die dorp gery het in die rigting van die hostel. By hierdie geleentheid is mnr Ntombela vergesel deur wagte wat gewapen was met gewere, terwyl sowel hy as mnr Powell van Inkatha groot rewolwers in hulle gordels gehad het.

Die komitee het ook getuienis aangehoor van kaptein Dewing oor die regs- en praktiese probleme wat die polisie gehad het met die implementering van die aanbevelings van die vorige komitee in hierdie verband. Hulle pogings om draers van "tradisionele" wapens aan te kla, was onsuksesvol omdat die aanklaers ongewillig was om aan te kla indien die potensiële aangeklaagde moontlik kon bewys dat hy die wapens vir selfverdediging gedra het. Die praktiese gevolg was dat spiese en stokke weer openlik in Mooirivier en Bruntville gedra is.

Selfs indien die probleme wat verband hou met gevaarlike wapens, onoorbrugbaar blyk te wees op die vlak van regsbeleid, glo die komitee dat daar tog op plaaslike vlak 'n mate van vordering gemaak kan word. In hierdie verband is die komitee bemoedig deur die inisiatief van die plaaslike IVP, wat deur sy woordvoerder, mnr Sokehela, op 4 September aangekondig het dat IVP-lede hulle spiese vanaf 6 September sou neerlê vir so lank as wat lede van die ANC die vrede bewaar. Getuienis voor die komitee op die laaste dag van sy aanhoor van getuienis was dat hierdie inisiatief ten minste gedeeltelik suksesvol was. Van die spiese, maar nie almal nie, is neergelê en daar was 'n beduidende afname in die aantal gewelddadige voorvalle.

Enige plaaslike oplossing moet wapens van alle tipes omvat. Hoewel die IVP se argument dat spiese gebruik kon word om vuurwapenaanvalle af te weer, vergesog klink, is dit waar dat 'n groot aantal aanvalle in die tydperk wat deur hierdie komitee oorweeg is, met vuurwapens of handgranate gedoen is. Openbare persepsies van polisiëring is weer eens deurslaggewend. Indien 'n persepsie geskep kon word onder die baie skeptiese publiek van sowel die hostel as die dorp Bruntville dat die polisie kragdadig maar onpartydig optree teen die dra van wapens van alle tipes, sou die weg miskien gebaan wees vir ten minste 'n plaaslike oplossing vir hierdie kwellende vraagstuk.

3.3.16. Een verdere algemene aspek van polisiëring verdien oorweging. Die meeste getuienis oor die ondersoek na openbare geweld, in teenstelling met getuienis oor die voorkoms daarvan, het betrekking op die vroeëre gebeure van 3 en 4 Desember. As gevolg van die belangrike rol wat doeltreffende kriminele ondersoek na die mening van die komitee kan speel om geweld in bedwang te bring, het die komitee, by sy laaste sitting, gevra dat 'n ondersoek gedoen moet word na die ondersoekprosedure wat gevolg is in verband met die beweerde misdrywe wat vervat is in die gekonsolideerde lys van geweldsvoorvalle wat aan hom oorhandig is. Die komitee het voorgestel dat sodanige ondersoek gedoen word deur 'n lid van die spesiale taakmag verbonde aan die Kommissie. Die SAP het later beswaar aangeteken teen hierdie prosedure op grond daarvan dat die aanstellingsvoorwaardes van die taakgroep hulle belet om enige voorval te ondersoek wat plaasgevind het voor hulle aanstelling. In plaas daarvan is 'n verslag in die vorm van 'n kort beëdigde verklaring van generaal-majoor Hugget, die bevelvoerende offisier van die eenhede wat onlus en geweld in die Republiek ondersoek, aan die komitee oorhandig saam met die hoofde van betoog van die SAP. Dit het ietwat kripties gerapporteer dat die verklaarder 42 gevallelêers ondersoek het en dat hy in twee gevalle beveel het dat die lêers heropen word. Die paar verdere algemene opmerkings

wat hy gemaak het oor die probleme wat ondersoekers ondervind as gevolg van intimidasie van getuies en oor die probleem om te onderskei tussen dronktwiste en politieke misdrywe, het nie die komitee baie gehelp om 'n getroue idee te kry van die doeltreffendheid van die polisie-ondersoeke na openbare geweld in die verslagtydperk nie.

## 4. BEëINDIGING VAN DIE GEWELD TE BRUNTVILLE

4.1 Dit het gedurende sy ondersoek vir die komitee duidelik geword dat sy rol nie noodwendig beperk was tot die maak van feitelike bevindings oor die omvang en oorsake van die geweld nie. Soos die vorige komitee kan dit 'n beperkte rol speel in die inisiëring van die vredesproses in die gebied. 'n Aantal konkrete voorstelle het ook uit die getuienis van getuies en die voorleggings deur die onderskeie partye voortgespruit.

4.2 Die primêre voorstel was dat 'n buitebemiddelaar aangestel word om die vredesproses te vergemaklik. Dit is in beginsel deur al die partye gesteun. Aan die einde van sy finale sitting het die komitee, ná oorlegpleging met die Voorsitter van die Kommissie, regter Goldstone en die voorsitter van die Streeksbeslegtingskomitee, mnr M C Pretorius, aangekondig dat hy die Vereniging van Prokureursordes sal versoek om so 'n persoon aan te beveel. Sodra iemand voorgestel is, sou die ANC en die IVP gevra word of hulle die aanstelling steun. Dit is gedoen, en die partye het ooreengekom om die voorgestelde bemiddelaar, mnr Nico Coetzer, te ontmoet.

4.3 Die eerste taak van die bemiddelaar sal wees om toestande te beding wat die inwoners van Bruntville in staat sal stel om in vrede met mekaar saam te leef. Die komitee is bewus van die omvang van die taak en sou nie wou voorskryf hoe dit benader moet word nie. Nietemin wil hy voorstel dat die aangewese weg sou wees om die PDBK te laat herleef en om terselfdertyd dringende aandag te skenk aan die maatskaplike en ekonomiese probleme van die gebied. Buitewaarnemers van die Verenigde Nasies of ander soortgelyke liggame kan ook genooi word om 'n rol te speel.

4.4 Die sukses van die bemiddelingsproses sal in beslissende mate afhang van die steun van die politieke leiers op plaaslike en streekvlak en hulle verbintenis tot die bou van 'n gemeenskap waarin uiteenlopende politieke affiliasies geduld sal word. In dié verband is die komitee bemoedig deur die verbintenis tot vrede wat, weliswaar in meerdere of mindere mate, uitgespreek is deur al die leiers wat voor hom verskyn het. Die buigsaamheid wat oor twee kwessies getoon is, naamlik die dra van gevaarlike wapens en die posisie van die hostel, is bemoedigend.

4.5 Wat eersgenoemde betref, is die gebaar van die IVP met betrekking tot die neerlê van spiese, wat ten minste 'n vermindering in die dra van hierdie wapens tot gevolg gehad het, belangrik in die bevordering van vertroue. Dit moet, indien moontlik, versterk word deur 'n soortgelyke stap met die oog op die vermindering van versteekte wapens. Albei maatreëls moet gesteun word deur besliste dog sensitiewe polisiëring wat beoog om die gemeenskap se samewerking in die proses van ontwapening te verkry.

4.6 Wat die hostel betref, is die komitee van mening dat daar besef moet word dat sowel hostelbewoners as die inwoners van die woongebied gegronde belange het. Eersgenoemde het 'n reg op 'n plek om te woon wat aan ten minste minimumstandaarde van akkommodasie voldoen. Met die oog hierop is daar 'n dringende behoefte aan opgradering. Dit was bemoedigend dat die streekleier van die ANC in sy getuienis die belange van hostelbewoners erken het en nie die vroeëre eis dat die hostel verskuif moet word, herhaal het nie. Terselfdertyd is veiligheid 'n bron van kommer. Sowel die ANC as die IVP het gevra dat die hostel omhein word. Dit moet as 'n kwessie van voorrang gedoen word. Ideaal gesproke moet dit met die opgradering van die hostel gekombineer word, sodat die klem op die positiewe verbetering van toestande val, eerder as om bloot op veiligheidsaangeleenthede te konsentreer. Daar moet benadruk word dat die komitee daarvan oortuig is dat die verskuiwing van die hostel nie die oplossing vir die langtermynprobleme van Bruntville en Mooirivier is nie. Selfs omheinings is slegs 'n korttermynoplossing om aan bure aan albei kante 'n gevoel van veiligheid te bied. Uiteindelik is die enigste lewensvatbare oplossing die skep van 'n burgerlike kultuur, wat insien dat sy vooruitgang van onderlinge verdraagsaamheid afhang.

4.7 Toestande in die swart woongebied vereis ook aandag. Dit sluit in komplekse kwessies oor mense wat uit hulle huise gevlug het en, breër gesien, die agteruitgang in die struktuur van openbare dienste. Een van die moeilikste take waarvoor sowel die bemiddelaar as die PDBK te staan kom, is die skep van 'n burgerlike kultuur wat sowel die swart woongebied as die hostel en trouens ook die dorp Mooirivier sal omsluit. Slegs deur samewerking kan probleme opgelos word.

4.8 Die komitee het reeds kommentaar gelewer oor sommige aspekte van polisiëring in die gebied. Die komitee is bemoedig deur die feit dat pogings deur die polisie aangewend is om hulle verhouding met die publiek te verbeter in wat vir die polisie moeilike operasionele omstandighede is. Nietemin kan meer in dié verband gedoen word. Dit is nie aanvaarbaar nie dat die SAP aanvoer, soos hy voor die komitee gedoen het, dat sy optrede nie pertinent betrekking op die geweld het nie en derhalwe nie die onderwerp van noukeurige ondersoek moet wees nie. 'n Bevinding dat die polisie nie geweld aktief aangestig het nie, is nie die einde van die saak nie, aangesien sowel hul proaktiewe tussentrede as hulle ondersoeke 'n wesenlike invloed kan hê op optrede en houdings in die gemeenskap en derhalwe op die vlakke van geweld. Die polisie moet, waar enigsins moontlik, reageer op oproepe van die gemeenskap om beskerming. Alles moontlik moet byvoorbeeld gedoen word om werkers op pad werk toe te beskerm.

4.9 Die polisie moet ook poog om die gemeenskap ingelig te hou oor die vordering van sy ondersoeke. Die komitee aanvaar dat die vordering van ondersoeke in sommige gevalle deur voortydige publisiteit belemmer kan word, en hy het in sy eie werk en bevindings gepoog om nie die ondersoek van misdaad te benadeel nie. Daar moet nietemin besef word dat openbare moreeal en respek vir die magte van wet en orde afhang van 'n persepsie dat 'n professionele polisiemag alles moontlik doen om oortreders op verhoor te stel en dat alle beskikbare getuienis versamel word

ten einde te verseker dat geregtigheid geskied.

4.10 Die opklaring van die beleid ten opsigte van gevaarlike wapens sal van groot hulp vir die plaaslike polisie wees, aangesien die skuld vir verwarring nie voor die deur van diegene in die veld gelê kan word nie. Noukeuriger ontwerpte prosedures as dié wat vervat is in die nuwe vorm wat deur hulle streekhoofkwartier verskaf is en in gevalle van openbare geweld ingevul moet word, sal ook die polisie in die veld help.